

# HERSTELLEDE GERECHTIGHEID

die pad na herstel



**the doj & cd**

Department:  
Justice and Constitutional Development  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



## VOORWOORD

Hierdie boekie bevat agtergrondinligting oor Herstellende Geregtigheid. Die boekie mag deur alle persone gebruik word om sodoende te verstaan wat Herstellende Geregtigheid is; die waardes en beginsels daarvan; fases van toepaslikheid en die voordele in die regsplegingstelsel.

## INHOUDSOPGAWE

1.	AANHEF	5
2.	AGTERGROND TOT HERSTELLEDE GERECHTIGHEID	5
3.	WAT IS HERSTELLEDE GERECHTIGHEID?	6
4.	WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN KONVENSIENELE GERECHTIGHEIDSPROSESSE EN HERSTELLEDE GERECHTIGHEIDSPROSESSE?	6
5.	WAT IS DIE WAARDES EN BEGINSELS VAN HERSTELLEDE GERECHTIGHEID?	6
6.	WANNEER WORD HERSTELLEDE GERECHTIGHEID TOEGEPAS?	9
7.	WANNEER IS HERSTELLEDE GERECHTIGHEID TOEPASLIK?	10
8.	SAL DEELNAME AAN 'N HERSTELLEDE GERECHTIGHEIDSPROSES/-PROGRAM DIE OORTREDE 'N VROEë ONTSLAG TEN OPSIGTE VAN PAROOL WAARBORG?	10
9.	VOORBEELDE VAN HERSTELLEDE GERECHTIGHEIDSPROSESSE EN -PROGRAMME	11
	9.1. Slagoffer-oortreder-bemiddeling (SOB)	
	9.2 Familie- en slagoffer-oortreder-groepsessies (FGS and SOGS)	
	9.3 Dialoog, vrede en besprekingsgroepe	
10.	IS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE SE PROSES 'N VOORBEELD VAN 'N HERSTELLEDE GERECHTIGHEIDSPROSES?	12
11.	WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN SKRAPPING EN HERSTELLEDE GERECHTIGHEID?	12

12.	WAT IS DIE VOORDELE VAN 'N HERSTELLENDEN BENADERING TOT GERECHTIGHEID?	12
	12.1 Voorkom dat misdade weer gepleeg word	
	12.2 Bemagtiging van slagoffers	
	12.3 Beoordeling van kriminele regsagentskappe	
	12.4 Verhoog gemeenskapsbetrokkenheid in die dispuutoplossingsproses	
13.	KONTAKTE DOJ & CD-kontakbesonderhede	14
	13.1 Nasionale Kantoor	
	13.2 Streekkantore	

## 1. AANHEF

Soos die meeste lande in die wêreld, pas Suid-Afrika steeds 'n vergeldende regstelsel toe. Die aanklagstelsel is steeds oorheersend in ons howe, waarvolgens die aangeklaagde persoon die sentrale punt van ondervraging is, en daar min of geen besorgdheid ten opsigte van die slagoffer van misdaad getoon word nie.

Die demokratiese era het die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) ingestel om kriminele aktiwiteite van die verlede op 'n meer deelnemende en versoenende wyse te hanteer. Sodanige praktyk het tot gevolg gehad dat die Herstellende Geregtighedsfilosofie weer na vore getree het, wat vreemd mag voorkom vir die Romeins-Hollandse Reg, maar wat vir lank al deel is van die Afrikane se inheemse regstelsel.

## 2. AGTERGROND TOT HERSTELLENDEN GEREGTIGHEID

In antwoord op die uitdagings wat die regsplegingstelsel in die gesig staar, en om terselfdertyd die toepassing van geregtigheid te transformeer, het Justisie se Misdaadvoorkoming- en Veiligheidseenheid die Herstellende Geregtighedsbenadering om verskeie redes aanvaar, insluitend die feit dat Herstellende Geregtigheid hoofsaaklik aangevoer word deur 'n inheemse en gebruiklike respons tot misdaad, en dat dit verwys na prosesse binne en buite die regsplegingstelsel, insluitend "nie-staatlike vorms van orde en geregtigheid".

Daar is 'n ooreenkoms tussen Regstellende Geregtigheid en geregtigheid soos dit beoefen word deur Afrikane deur middel van gemeenskaps- en stamhowe, wat ook uitdrukking vind in stedelike gebiede tydens forums soos straatkomitees en sogenaamde 'People's Courts'. Terselfdertyd het die regspraak en -praktyk wat die beginsels van respek vir waardigheid en programme soos wegwending (al sou dit informeel in die regsplegingstelsel geïntegreer wees) beklemtoon, die regsbeleidraamwerk van die regstelsel positief beïnvloed.

Die huidige strafstelsel, naamlik die stelsel om mense te straf vir misdade gepleeg blyk slegs 'n beperkte sukses te wees, en daarom is daar 'n

behoefte aan 'n ander benadering en respons.

### 3. WAT IS HERSTELLEND GERECHTIGHEID?

Herstellende Gerechtigheid is 'n benadering tot gerechtigheid wat daarop gemik is om alle partye wat by 'n dispuut betrokke is, te betrek, asook ander persone wat deur die leed geraak word (slagoffers, oortreders, betrokke gesinslede en lede van die gemeenskap) sodat hulle gesamentlik die leed, skade, behoeftes en verpligtinge kan identifiseer deur die aanvaarding van verantwoordelikhede, restitusie, en deur maatreëls te tref om 'n herhaling van die insident te voorkom en om versoening te bevorder.

Herstellende Gerechtigheid beskou misdad as 'n daad teen die slagoffer en verskuif die klem na die herstel van die leed wat aangerig is teenoor die slagoffer en die gemeenskap. Dit is van mening dat die oortreder ook hulp nodig het en streef daarna om vas te stel watter veranderings moet plaasvind om toekomstige herhalings van die misdad te voorkom.

### 4. WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN KONVENSIENELE GERECHTIGHEIDSPROSESSE EN HERSTELLEND GERECHTIGHEIDSPROSESSE?

- In konvensionele Kriminele en Siviele Gerechtigheidsprosesse, word die slagoffer en oortreder as teenstanders teenoor mekaar gestel, en daar word van hulle verwag om passief toe te kyk terwyl alle sleutelbesluite deur professionele persone (regters, prokureurs, maatskaplike werkers, korrektiewe beamptes, ens.) geneem word.
- In Herstellende Gerechtigheidsbenaderings is die slagoffer en oortreder deel van die proses/program en die sleutelbesluite wat geneem word, word deur hulle beïnvloed.

### 5. WAT IS DIE WAARDES EN BEGINSELS VAN HERSTELLEND GERECHTIGHEID?

1. Herstellende Gerechtigheidsprosesse moet voldoen aan die oppergesag van die reg, menseregtebeginsels en die regte waarvoor daar

voorsiening gemaak word in die Suid-Afrikaanse Grondwet.

2. Herstellende Geregtigheid moet die waardigheid van slagoffers en oortreders bevorder, en verseker dat daar geen oorheersing of diskriminasie is nie.
3. Alle partye moet voorsien word van voldoende inligting ten opsigte van die doel van die proses, hul regte binne die proses en die moontlike uitkomst van die proses.
4. Alle Herstellende Geregtigheidsprosesse behoort deeglike voorbereiding van die deelnemers aan die proses en programme te behels, insluitend regsverteenvoerders.
5. Die partye moet duidelik verstaan dat hulle te eniger tyd van die proses kan onttrek.
6. Die partye moet 'n redelike hoeveelheid tyd gegun word om hul opsies te oorweeg wanneer 'n Herstellende Geregtigheidsopsie voorgestel word.
7. Verwysing na Herstellende Geregtigheidsprosesse is in enige stadium van die regsplegingstelsel moontlik, met besondere klem op voorvonniswegwending, pleit- en vonnisoooreenkomste; voorvonnisproses, as deel van die vonnis, en as deel van die herintegrasieproses, insluitend parool.
8. Deelname aan Herstellende Geregtigheidsprosesse moet vrywillig wees vir alle partye, insluitend die slagoffer.
9. Die partye moenie tot enige spesifieke ooreenkoms gedwing word nie.
10. Herstellende Geregtigheidsprosesse moet alle partye gelyke geleentheid bied om deel te neem.
11. Herstellende Geregtigheidsprosesse moet gebalanseerd en regverdig wees.
12. In die algemeen moet Herstellende Geregtigheidsprosesse vertroulik wees. Partye mag deur konsensus 'n ingeligte besluit neem om vertroulikheid uit te oefen.
13. Slagoffers en oortreders moet toegelaat word om ondersteunende persone na die ontmoeting te bring, met dien verstande dat dit nie die regte en veiligheid van enige ander party in gedrang sal bring nie.
14. Slagoffers en oortreders moet toegang gegun word tot regsadvies op enige stadium van die verwickelinge.

15. Deelname van kinders behoort bykomend te wees met toestemming van die ouer/voog asook sy/haar teenwoordigheid of die teenwoordigheid van 'n ander aangewese volwassene met die uitsluitlike verantwoordelikheid en bemagtiging om die regte en belange van die kind te beskerm.
16. Wanneer 'n kind ter sprake is, moet daar seker gemaak word dat hy/sy die proses verstaan en doeltreffend daaraan kan deelneem.
17. Herstellende Geregtigheidsprosesse moet genesing en restituisie bevorder.
18. Die bepalings van Herstellende Geregtigheidsooreenkomste moet nie uit verhouding wees met die leed wat aangerig is nie.
19. Herstellende Geregtigheidsprosesse moet daarop gemik wees om toekomstige oortredings te voorkom.
20. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet verantwoordbaar wees aan die leed aangerig, behoeftes en verpligtinge.
21. Herstellende Geregtigheidsprosesse moet ruimte skep vir berou, die uitdrukking van beskaamdheid, verskoning, vergifnis, genade en medelye, maar moet nie die respons forseer of afdwing nie.
22. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet verseker dat oortreders, so ver moontlik, in 'n posisie verkeer om die verpligtinge wat deur die oortreding geskep is, na te kom.
23. Herstellende Geregtigheidsprosesse moet, so ver moontlik, kultuurtoepaslik wees vir alle betrokke partye.
24. Al die rolspelers wat verantwoordelik is vir die fasilitering van Herstellende Geregtigheidsprosesse moet voldoende opgelei en ervaar wees.
25. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet 'n opgeleide tolk voorsien, indien nodig.
26. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet ontwerp word in oorlegpleging met slagoffers en oortreders.
27. Die behoefte aan openbare veiligheid moet in ag geneem word ten opsigte van Herstellende Geregtigheidsprosesse en -uitkomst.
28. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet duidelike doelwitte hê wat welbekend is.



29. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet 'n basis lê waarteen sukses gemeet kan word.
30. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet gemoniteer word (deur middel van interne prosesse) en geëvalueer word (deur middel van onafhanklike navorsing) om volgehoue verbetering te bevorder.
31. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet gepubliseerde praktykskodes en -standaarde hê.
32. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet maatreëls tref om die veiligheid van deelnemers te verseker.
33. Herstellende Geregtigheidsprogramme en -prosesse moet doeltreffende klagtemeganismes instel en in stand hou.
34. Herstellende Geregtigheidsprogramme moet gedokumenteerde prosedures hê vir die bestuur van openbaarmakings wat betrekking het op ander oortredings.

## 6. WANNEER WORD HERSTELLENDIGE GEREGTIGHEID TOEGEPAS?

Herstellende Geregtigheid kan gebruik word in die volgende stadiums van die regsplegingproses:

- **Voor die aanklag:** 'n Geskil tussen partye wat die potensiaal het om in kriminele of siviele prosesse te ontaard, kan hanteer word deur middel van Herstellende Geregtigheidsprosesse of -programme. Dit sluit in slagofferondersteuning voor 'n formele intervensie.
- **Voor die verhoor:** Herstellende Geregtigheidsprosesse of -programme kan gevolg word nadat die klag gelê is, en voor die verhoordatum. Die aanklaer kan besluit om die aangeleentheid te verwys vir Regstellende Geregtigheid en 'n ooreenkoms aanvaar wat bereik is, en gevolglik kan die saak weggewend word van 'n formele hofverhoor. Indien daar geen ooreenkoms is nie, kan die saak na die hof terugverwys word.
- **Voor vonnisoplegging:** 'n Herstellende Geregtigheidsproses of -program kan ingesluit word as deel van die vonnisopleggingsproses. Dit kan die vonnis waarop besluit is onderskryf, en verskeie uitkomst neerlê as voorwaardes vir 'n uitgestelde of opgeskorte

vonnis.

- **Na vonnisoplegging:** 'n Herstellende Geregtigheidsproses of -program kan ingestel word na vonnisoplegging of as deel van 'n korrektiewe rehabilitasie-, herintegrasie- of voorvrylatingsprogram.

## 7. WANNEER IS HERSTELLEND GEREGTIGHEID TOEPASLIK?

Herstellende Geregtigheid word dikwels beskou as 'n proses wat geringe misdaad of geringe oortredings aanspreek. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Herstellende Geregtigheid as 'n proses aangewend kan word selfs in gevalle waar geweld of oneerlikheid betrokke is. Die belangrike aspek is die stadium waarop die Herstellende Geregtigheidsproses ingebring word.

Elke saak sal deeglik oorweeg moet word en 'n toepaslike besluit sal geneem word of die Herstellende Geregtigheidsproses of -program ingebring moet word voor die klag gelê word, voor die verhoor, tydens die verhoor voor vonnisoplegging of na vonnisoplegging. Die belanghebbendes moet ook besluit oor watter Herstellende Geregtigheidsprosesse of -programme toepaslik sal wees. Geringe misdaadoortredings kan verwys word sonder 'n verhoor, maar oortredings wat 'n sekere vlak van geweld behels kan die Herstellende Geregtigheidsproses betrek slegs voor vonnisoplegging of na vonnisoplegging.

## 8. SAL DEELNAME AAN 'N HERSTELLEND GEREGTIGHEIDSSPROSES/ -PROGRAM DIE OORTREDER 'N VROEË ONTSLAG TEN OPSIGTE VAN PAROOL WAARBORG?

Alhoewel deelname aan 'n Herstellende Geregtigheidsproses of -program in ag geneem kan word wanneer 'n beslissing oor 'n oortreder se parool gemaak moet word, is dit nie die enigste faktor wat deur die Paroolraad in ag geneem word nie. Die Paroolraad word steeds gelei deur ander reëls wat betrekking het op parool. Deelname aan Herstellende Geregtigheidsprosesse of -programme is slegs een van vele faktore wat deur die Paroolraad in ag geneem word en elke saak word op sy eie meriete beoordeel.

## 9. VOORBEELDE VAN HERSTELLEDE GEREGTIGHEIDSPROSESSE EN -PROGRAMME

### 9.1 Slagoffer-oortreder-bemiddeling (SOB)

Die slagoffer en oortreder word die geleentheid gebied om in 'n veilige en gestruktureerde opset te ontmoet om die misdaad wat teenoor die slagoffer gepleeg is, te bespreek met die hulp van 'n opgeleide bemiddelaar. Die slagoffer neem vrywillig deel aan die proses vanaf die aanvang tot die einde van die SOB. Die bemiddelaar fasiliteer slegs die gesprek wat die oortreder sal aanmoedig om meer te wete te kom oor die impak van die misdaad en om verantwoordelikheid te aanvaar vir die leed wat die misdaad aangerig het. Die proses gun die slagoffer en die oortreder die geleentheid om 'n plan saam te stel wat hierdie leed sal aanspreek.

### 9.2 Familie- en slagoffer-oortreder-groepsessies (FGS and SOGS)

Hierdie proses bring die slagoffer en oortreder, en familie, vriende en sleutelondersteuners van albei (slagoffer en oortreder) bymekaar om te besluit hoe om die gevolge van die misdaad aan te spreek. Die oogmerk is om die slagoffer die kans te gun om direk betrokke te wees by die reaksie op die misdaad, om die oortreder se bewustheid van die impak van sy of haar gedrag te verhoog, en om hom of haar 'n geleentheid te bied om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Die oortreder se ondersteuningstelsel word betrek om te vergoed en om die oortreder se toekomstige gedrag en optrede te beïnvloed. Die term 'Familiegroepsessie' word gewoonlik spesifiek gebruik met betrekking to kinderoortreders.

### 9.3 Dialoog, vrede en besprekingsgroepe

Hierdie is Herstellende Geregtigheidsprosesse wat dit ten doel het om konsensus onder die belanghebbendes te bereik, insluitend slagoffers, slagofferondersteuners, gemeenskapslede, oortreders, oortrederondersteuners, regsamptenare/regters, aanklaers, advokate vir die verdediging, polisiebeamptes en hofwerkers, sodat 'n toepaslike uitkoms bereik kan word wat al die kammernisse van alle belanghebbende partye aanspreek. Hierdie prosesse bevorder die genesing van alle geaffekteerde partye, en bied die oortreder die geleentheid om te vergoed. Dit is 'n spreekbuis vir slagoffers, oortreders, familielede en gemeenskappe en belas hulle met 'n gedeelde verantwoordelikheid om opbouende oplossings te

vind, om die onderliggende oorsake van misdaad aan te spreek, en om 'n eenheidsgevoel te skep rondom gedeelde gemeenskapswaardes.

## 10. IS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMISSIE SE PROSES 'N VOORBEELD VAN 'N HERSTELLEND GERECHTIGHEIDSPROSES?

Die Waarheid-en-versoeningskommissie se proses wat onderneem is na 1994, is 'n vorm van Herstellende Gerechtigheid aangesien dit gestreef het na die aanvaarding van verantwoordelikheid aan die kant van die oortreders, en die erkenning van die leed wat die slagoffers, gesinslede van die slagoffers en gemeenskappe aangedoen is, met die doel om genesing en restitusie vir alle betrokkenes te bewerkstellig.

## 11. WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN SKRAPPING EN HERSTELLEND GERECHTIGHEID?

Herstellende Gerechtigheid is 'n proses wat verskil van dié van skrapping. Skrapping van kriminele rekords behels die verwydering van kriminele rekords vanuit die kriminele rekordstelsel. Die administratiewe en bestuursprosesse vir skrapping is afgesonder van Herstellende Gerechtigheidsprosesse. Binne die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling is daar 'n afsonderlike kantoor wat verantwoordelik is vir die skrapping van kriminele rekords.

## 12. WAT IS DIE VOORDELE VAN 'N HERSTELLEND BENADERING TOT GERECHTIGHEID?

- **Voorkom dat misdaad weer gepleeg word**  
Navorsing toon dat oortreders wat Herstellende Gerechtigheidsintervensies ervaar het, minder geneig is om verdere misdade te pleeg – anders as soortgelyke oortreders wat onderwerp is aan meer konvensionele intervensies.
- **Bemagtiging van slagoffers**  
Herstellende Gerechtigheidsprosesse kan toegang tot gerechtigheid vir slagoffers vergemaklik, en gevolglik 'n meer bemagtigende ondervinding aan slagoffers gee. Dit is ook minder tydrowend en duur. Dit bied ook 'n groter moontlikheid vir restitusie, vergoeding en om aan slagoffers 'n spreekbuis te bied.

- **Beoordeling van kriminele regsagentskappe**

Dit help om agterstande in sake te verminder en om onnodige koste en verdragings te vermy in die uitvoering van die regsplegingstelsel. Oorbevolking in tronke en die koste wat die belastingbetaler aangaan, sal ook verminder word.

- **Verhoog gemeenskapsbetrokkenheid in die dispuutoplossingsproses**

Die insluiting en deelname van die gemeenskap in Herstellende Geregtigheidsprosesse versterk en verdiep ons demokrasie.

## 13. KONTAKTE

### DOJ & CD-kontakbesonderhede:

<b>Nasionale Kantoor</b>	
Mev C Kok Tel: (012) 315 1259 E-pos: ckok@justice.gov.za	Adv J.V Mbamali Tel: (012) 315 1458 E-pos: VMbamali@justice.gov.za
<b>Streekkantore (Regsdiensdirekteure)</b>	
KwaZulu-Natal Me P Moodley Tel: (031) 301 5303 E-pos: pmoodley@justice.gov.za	Mpumalanga Mnr P Mthimunye Tel: (013) 753 9333 E-pos: PMthimunye@justice.gov.za
Vrystaat Mnr D.B Ramolibe Tel: (051) 407 1800 E-pos: dramolibe@justice.gov.za	Oos-Kaap Me D.E Mongoato Tel: (043) 702 7108 E-pos: dmngoato@justice.gov.za
Gauteng Mnr S Ramasodi Tel: (011) 223 7681 E-pos: SRamasodi@justice.gov.za	Limpopo Mnr M Sebetso Tel: (015) 297 5562 E-pos: msebetso@justice.gov.za
Noord-Kaap Adv D Plaatjies Tel: (053) 839 0052 E-pos: dplaatjies@justice.gov.za	Wes-Kaap Me D Kassan Tel: (021) 462 5470 E-pos: DKassan@justice.gov.za
Noordwes Me R Tladi Tel: (018) 389 8305 E-pos: rtladi@justice.gov.za	



**Department of Justice and Constitutional Development**  
**Chief Directorate: Promotion of the Rights of Vulnerable Groups**  
**Tel: (012) 315 1458/357 8509**  
**Fax: (012) 315 1851**  
**[www.justice.gov.za](http://www.justice.gov.za)**  
**2011**